

28 Mei

Skrifgedeelte: 1 Petrus 3:13-4:6

Fokusgedeelte: 1 Petrus 3:13-17

Gee rekenskap van die hoop wat die Here aan jou gee

In tye van teëspoed het mense gewoonlik baie vrae. Hulle vra jou uit oor jou geloof en jou hoop en dan moet jy nie jou skouers optrek nie. Nee, dit is dan 'n geleentheid wat die Here aan jou gee om van Hom te getuig. Jy moet altyd gereed wees om 'n antwoord te gee vanuit die hoop wat in jou lewe.

Moenie skaam of bang wees om openlik te sê wie jy is en wat jy glo nie en waarop jy jou hoop vestig nie. Sê openlik en met oortuiging: “Ek behoort aan Jesus Christus wat reeds oorwin het en ek vestig my hoop op Hom en op die erfenis wat ek by Hom het”.

Petrus sê ook hoe jy hierdie antwoord moet gee. Doen dit met beskeidenheid en met eerbied vir God (3:16), want die hoop waarvan jy getuig, is nie iets wat jy self verkry het nie. Jy het dit uit genade van die Here ontvang. Dit is Hy wat aan jou dié toekoms gegee het waarop jy kan hoop.

“Sorg ook dat julle gewete skoon bly...” (3:16). Wees opreg en eerlik met jouself en met die Here. As jou antwoord net lippetaal is en nie bevestig word deur jou lewe en optrede nie, dan is jy oneerlik en vals.

Die Here gaan ook vandag mense op jou pad bring wat onseker is en met vrae worstel. Wat gaan jy vir hulle sê?

Ds C Kruger (Nelspruit)